

MPO AANWYSER 5/2 JULIE 2021

DIE SNY VAN WINTERPREMIES KAN NOODLOTTIG WEES VIR DIE PRODUKSIE VAN ONVERWERKTE MELK IN 2021 EN 2022

Graanpryse

Die gemiddelde koste van gekonsentreerde voer (70% geelmielies en 30% soja) in 2018 was R2 913/ton. In 2019 was dit R3 489/ton, in 2020 was dit R4 193, en die gemiddeld vir die eerste ses maande van 2021 was R4 814/ton. Die persentasie styging van 2018 tot 2021 (jaar tot op datum) is 65%. Die grafiek hieronder weerspieël pryse van Januarie 2019 tot Maart 2022. Die pryse vir Julie 2021 tot Maart 2022 is die merk-tot-mark- (MTM) pryse vir die onderskeie termynkontrakte van geelmielies en soja op die Johannesburgse Effektebeurs (JSE).


Figuur 1 Voerkoste (70% geelmielies en 30% soja), JSE MTM-pryse op 29 Junie 2021



Hierdie vinnige styging in konsentraatpryse het voorgekom in dieselfde tydperk waarin plaashekpriese vir onverwerkte melk met 18% in 2018 gedaal het en toe op lae vlakke bly vassteek het gedurende 2019 en 2020. Hierdie situasie was verantwoordelik vir die huidige laer produksie van onverwerkte melk. Dit was eers in Januarie 2021 dat die plaashekprys vir onverwerkte melk kon inhaal by die koers van prysstygings in die sekondêre en tersiêre markte. Maar in die tydperk 2018 tot 2020 is die skade gedoen aan die primêre melkbedryf.


Oor die tydperk Januarie 2018 tot Mei 2021 het die VAB-prys van ureum (die hoofbron van stikstof wat gebruik word in die produksie van kontantgewasse en weidings) gestyg van R2 765/ton tot R4 900/ton, 'n persentasie styging van 77%. Suid-Afrika voer 59% van binnelandse ureumverbruik in. Die grafiek hieronder illustreer die verskillende prysvlakke van ureum oor die tydperk. Die prys het in Februarie 2021 gepiek teen R5 373/ton.

Figuur 2 Ureum VAB-prys; bron: Bloomberg



Die prys hierbo sluit vrag- en versekeringskoste uit. Die volgende grafiek toon vragkoste.

Figuur 3 Baltiese Droë Indeks; bron: Bloomberg



Die Baltiese Droë Indeks weerspieël die koste om droë kommoditeite soos graan en bemestingstowwe te verseep. Dit is duidelik dat hierdie koste tans 'n rekord-hoogtepunt bereik het. Hierdie rekord-koste sal lei tot dramatiese verdere stygings in die koste van gelande ureum.



Bogenoemde is hoofsaaklik te wyte aan die nasleep van die wêreldwye harde grendeltyd in 2020. In daardie tyd is produksie-uitsette en logistieke kapasiteit verloor. Die wêreld probeer nou inhaal en in dié proses het baie kommoditeitspryse, vervoerkoste en produkpryse hemelhoog gestyg.

Marktoestande kan oor die kort termyn verander, maar dit sou wys wees vir kopers van onverwerkte melk om noukeurig aandag te gee aan hul posisie met betrekking tot winterpremies.

Indien graanpryse byvoorbeeld op die huidige vlakke bly soos geregistreer op die JSE kommoditeitsmark, terwyl die gemiddelde produsenteprys verlaag word van die huidige vlak (R5,97/liter) tot R5,67 (d.w.s. met 30 sent) weens winterpremies wat wegval, sal die melkprys-tot-voerprys-verhouding in Julie 2021 val tot onder 1.3:1, wat 'n negatiewe uitwerking sal hê op die produksie van onverwerkte melk.

Bertus van Heerden, hoof-ekoonoom, Melkprodusente-organisasie (MPO)